**Laerskool Kruinsig**
**Afrikaans Huistaal Gr.5**

Datum: 28 Februarie 2019 Tyd: 40 minute
Eksaminator: A. Heydenrych
Moderator:

___________________________
M. Snyman



Instruksies:

- ♥ Skryf netjies en leesbaar.
- ♥ **Elke afdeling het sy eie leesstuk.**
- ♥ Maak dubbel seker van jou spelling!
- ♥ Beantwoord al die afdelings.
- ♥ Maak seker jou NAAM is op.

| **Afdeling A :** | **Afdeling B :** |
|---|---|
| 15 | 20 |

Naam: __________________________________ Graad 5 ___

| Taalstrukture en Konvensies: Ontleding | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afdeling A | | | | | | | | Afdeling B | | | | | | | | |
| Vraag | 1 | 2 | 3 | 3 | 4.1 4.2 | 4.3 | 4.4 | 1.1 1.2 | 1.3 | 2.1 | 2.2 2.3 | 2.4 | 3.1 | 3.2 | 3.3 | 4.1 | 4.2 |
| Punt | 3 | 2 | 2 | 2 | 2 | 3 | 1 | 3 | 1 | 2 | 2 | 3 | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 |
| Afdeling | Meervoude | Tye van die | Tye van die | Tipe sinne | Beeldspraak | Afkorings | Woordeskat | Woordsoorte | Samestellings | Punktuasie | Tipe sinne | Verkleining | Tipe sinne | Woordeskat | Samestellings | Voorsetsels | Woordsoorte |
| Toegeken | | | | | | | | | | | | | | | | | |

# AFDELING A

**Lees die storie en beantwoord die vrae op die vraestel.**

WOLF LEER VLIEG

Meneer Wolf is honger, maar hy is ook 'n regte ou lekkerbek.  Elke keer as hy by ‘n dooie dier kom, het Aasvoël lankal die lekkerste vleis afgeëet sodat net die wit, kaal bene vir hom oorbly.

Een Donderdag in Januarie loop Wolf vir Aasvoël raak. “Ai, Aasvoël,” kla Wolf, “hoe weet jy as daar iets te ete is?”  “Dis maklik," antwoord Aasvoël. “Ek vlieg hoog in die lug en kyk ver oor die aarde uit.  “Leer my dan ook vlieg,” soebat Wolf.



“Goed,” sê Aasvoël. “Klim op my rug. Kyk mooi wat ek doen.”

Aasvoël sprei sy kragtige vlerke, en Wolf moet net vasklou.

“Sien jy, Wolf?” roep Aasvoël toe hulle hoog oor ‘n lap doringbosse sweef. “Dis maklik. Spring nou af en klap met jou bene soos ek met my vlerke.”

Wolf duik deur die lug.  Hoe hy ook al skop en spartel, hy val soos ‘n klip, reg in die doringbosse.

“Eina!” tjank Wolf terwyl hy tussen die klouende takke uitsukkel.

“Laat dit vir jou ‘n les wees!” roep Aasvoël van bo af. “‘n Dier is gemaak om te loop, en ‘n voël om te vlieg. En as diere probeer vlieg, kom daar moeilikheid.”

*(Die Mooiste Afrikaanse Sprokies uitgesoek en oorvertel deur PIETER W. GROBBELAAR; 196 WOORDE)*

**<u>Vraag 1</u>**

Gee die **meervoude** vir die volgende woorde

1. klip (reël 15) ______________________________ (1)
2. wolf (reël 15) ______________________________ (1)
3. voël (reël 17) ______________________________ (1)

**[3]**

**<u>Vraag 2</u>**

1 Verander die volgende sin na die **verlede tyd.**

**Wolf duik deur die lug.**  (reël 15)

____________________________________________________ **(1)**

**2.** Verander die volgende sin na die **toekomende tyd.**

**Meneer Wolf is honger.**  (reël 1)

____________________________________________________ **(1)**

**[2]**

**<u>Vraag 3</u>**

**Vul die onderstaande tabel in. Dui die antwoord met 'n regmerkie aan. Die eerste sin is 'n voorbeeld van hoe jy dit moet doen.**

| | **Sin** | **Tyd** | | | **Tipe sin** | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **teenwoordig** | **verlede** | **toekomend** | **stelsin** | **vraagsin** | **bevelsin** | **uitroepsin** |
| | Wolf is moedeloos moeg. | ✓ | | | ✓ | | | |
| **a** | Hoe weet jy as daar iets te ete is? (reël 3,4) | | | | | | | |
| **b** | Klim op my rug. (reël 7) | | | | | | | |

**[4]**

**<u>Vraag 4</u>**

1. Wat is die **intensiewe vorm** van wit (reël 2)

   ___________________________________________ (1)

2. Wat beteken die woord ***lekkerbek***? (reël 1)

   ___________________________________________ (1)

3. Gee die **afkortings** vir die volgende woorde:

   a. meneer (reël 1) ___________________________________________ (1)

   b. Donderdag (reël 3 ) ___________________________________________ (1)

   c. Januarie (reël 3) ___________________________________________ (1)

4. Gee 'n **antoniem** vir **hoog** (reël 11) ___________________________________________ (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 15**


## AFDELING B

**Lees die leesstukke en beantwoord die vrae:**

# Soogdiere

Vrae en Antwoorde

Deur Dewan Mentz



**Sebras**

Waarom het sebras strepe?

Die strepe op ‘n sebra breek sy buitelyn. Wanneer ‘n trop sebras weghardloop, is daar ‘n warboel van patrone wat dit vir ‘n leeu of ander roofdier moeilik maak om een sebra uit te sonder om aan te val. Party wetenskaplikes glo dat sebras mekaar aan hul strepe uitken.

**Vraag 1**

1. Wat is die **werkwoord** in reël 2?

   _________________ (1)

2. In reël 2 word daar gepraat van 'n **trop** sebras.
   **Trop** is 'n **versamelnaam.**
   Gee **versamelname** vir die volgende woorde:
   a. voëls ____________________ (1)
   b. skepe ____________________ (1)

3. Onderstreep die **samestelling** in die volgende sin: (1)

   **Die strepe op ‘n sebra breek sy buitelyn.**

**[4]**

**<u>Leeus</u>**

waarom het ‘n leeu maanhare

‘n Volwasse leeumannetjie se dik maanhare help om leeuwyfies tydens die hofmakery te lok. Dit hou ook teenstanders weg. Die maanhare laat die leeu gevaarliker lyk as wat hy regtig is. Tydens gevegte beskerm die maanhare die leeu se kop en skouers.

**<u>Vraag 2</u>**

1. Skryf reël 1 oor en maak gebruik van die regte **punktuasie en hoofletters**. (2)

   ________________________________________

   ________________________________________

2. Verander die volgende sin in 'n **vraagsin.** (1)

   **Dit hou ook teenstanders weg.**

   ________________________________________

3. Watter **tipe sin** is die onderstaande sin? (1)

   **Die maanhare laat die leeu gevaarliker lyk as wat hy regtig is.** ___________



4. Gee die **verkleinwoorde** van die volgende woorde:


   a. leeu (reël 3) ____________________(1)

   b. kop (reël 4) ____________________(1)

   c. skouers (reël 4) ____________________(1)

[7]

Help soogdiere mekaar se kinders oppas? Ja. Al die jong diere in ‘n trop word soms, sodra hulle sterk genoeg is om saam te speel, in ‘n “kleutergroep” bymekaar gejaag. Dit gebeur by robbe en ook by boksoorte soos springbokke en bastergemsbokke. Baie ander spesies, soos olifante en kameelperde, het "kroostroosters” – een of twee volwasse koeie wat na die kleintjies kyk terwyl die ander ma’s gaan wei.



**Vraag 3**



1. Verander reël 5 in 'n **stelsin**.

___________________________________

___________________________________(1)

2. Gee **antonieme** vir die volgende woorde:

   a. sterk (reël 7)
   _______________________ (1)

   b. jong (reël 6)
   _______________________ (1)

3. Vorm jou eie **samestelling** deur die woord **bok** te gebruik. ____________________________ (1)

**[4]**

**Vraag 4**

**1.** Vul die ontbrekende **voorsetsels** in die oop spasies in.

Sebras kan mekaar uitken (a)___________ hulle strepe. Sebras beweeg (b)__________ troppe. Apies speel graag (c)___________ die bome en kyk (d)____________ mekaar se kleintjies. (4)

2. Onderstreep die **hulpwerkwoord** in die volgende sin: (1)

   **Dit het by robbe en baie boksoorte gebeur.**

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**GROOT TOTAAL: 35**